


# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 10**



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## Ons Voorblad:

### ***KINDERVOETJIES TUSSEN DIE ROTSE***

Is ons voorbladfoto nie sprekend van wat vandag met baie kindertjies gebeur nie? Klein wankele kleuterbeentjies nog, maar reeds al op gevaarlike paaie! Waar gaan hulle heen? Wie sal hulle by die kranse en afgronde behoed? Sal hulle eenmaal behoue en ongeskonde by die Vaderhuis aankom?

Is u bekommerd oor die toekoms van u kinders?

Bid die Vader elke dag om hulle te behoed soos Hy beloof het in sy Woord: "Want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie" — Psalm 91:11, 12. "My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy kan jou voete nie laat wankel nie, jou bewaarder kan nie sluimer nie" — Psalm 121:2, 3.



*Klein donsige bolletjies lewe. Is hulle nie skatlik nie! En praat nie van die twee wat, neskrop in die nooientjie se kuif nie!*

# Die Ander God

Ek noem daardie verslete, geel kamerjas van die bokser, wat volgens sy geloof sal beslis of hy die uitklophou gaan slaan, sy god!

Die rugbyspeler se gelukbringertjie, wat volgens hulle 'n voorsienige krag het, die motorbestuurder se poppie wat na sy bewering bewarende vermoëns besit — almal is afgode!

U sê ons moet dit nié te ernstig opneem nie ... hierdie voorwerpe gee sielkundig alleen maar aan hulle besitters selfvertroue. Presies — dit is afgodery, *dat daar iets versin word waarop die gees in vertroue kan rus.*

So ontmoet ons dié mense wat 'n menigte klein dingetjies met bygeloof bejeën: Tekens word ontdek, kragte word toegeskrywe aan mense en dinge, die sterrewiggelaars praat in ons tydskrifte, en die redaksies sê dis sommer grappe, maar die mense lees dit en volg die voorskrifte. Op ons straathoeke staan die waarsegsters se karavaan, en ons gaan na hierdie toingrige vroue, en ons glo hulle is God want hulle oë kan kyk soos God se oë. Is die tegnies-kulturele mens nie nog maar in sy hart by die dolosse van Afrika nie?

## Huisvesting in die Republiek:

In die antieke wêreld was daar 'n klomp mensgemaakte gode wat vandag nog huisvesting in die Republiek vind.

- **Demeter** —

die *moeder Aarde* ken nog haar aanbidders wat die aarde as hoop en krag en ideaal bely.

- **Venus** —

die *skoonheidsaanbidding* word vlees en bloed in al die koninginne op die sierwaens, in al die prikkelpoppe se foto's op die kamermure van ons seuns, in die honger oë wat die hoogste lus vind in en die hoogste diens lewer aan die skone liggaam.

- **Dionysus** —

die God van die *ekstase* wat springlewendig die "rinkals" dans en luidrugtig te kere gaan in die blêrmusiek.

- **Bacchus** —

die god met die *swaar buik* van al die eet en drink en wilde smaaklike opwinding van die wellus.

- **Hercules** —

hy bult nog sy spiere in ons *magsdronke wêreld*, en sy energie-opwekking in die eeu van krag word die hoop van die wêreld.

- **Isis** —

die godin van die *lewe*. Die skone, humane lewe met al sy geur en kleur en klank.

- **Mammon** —

die *rand/sent kêrel* wat bely dat geld alle nood versoet, alle deure open, alle eer koop, alle teenstand versmelt.

- **Asclepius** —

die god van die *medisyne*. Antibiotika is die redder en waarlik, my verlosser leef in die laboratorium. En die psigiater maak reg wat God nie kan regkry nie.

### **Die ander God ...**

Ek vra om hom te ontdek in u lewe. Gebruik die volgende om hom op te spoor:

*Die dominant in ons lewe, dit wat ons groot toewyding en oorgawe ontvang, wat ons diepste onrus en kommer stil en as lewensvulling dien, is die afgod.*

### **Na wie sal jy gaan?**

Is dit nie tyd dat u moet ophou met dié kinderspeletjies nie?

Na wie sal jy gaan as die dokter sy skouers optrek en jou dierbare tussen die wit lakens lê?

Na wie sal jy gaan as jou tjeks nie meer kan koop waar jou hart na hunker nie?

Na wie sal jy gaan as die lewe jou isoleer en sy spookgesig vir jou trek?

Na wie sal jy gaan as jou bruin spiere slap word en as die atoomenergie alles om jou verwoes?

Na wie sal jy gaan as die trombose jou neertrek en jy soos 'n ou man elke treetjie moet afsukkel terwyl jou eertyds-oorlaaide bord 'n slaaiblaartjie oplewer volgens doktersvoorskrif?

Na wie sal jy gaan as die lus in jou vergaan het en die opwinding gaan lê het?

"Nou kan ek nog wel êrens skuil  
maar hoe sal dit wees in die nag  
as die winde soos wolwe huil  
en die ewige vierskaar ons wag?"

Die tyd is kort — jou afgodjies is reeds besig om te tuimel.

Die eerste stap is: Gaan soek die Bybel of gaan leen een somaar nou by jou buurman en lees: *Jesaja 40:12-26 en Jesaja 46:1-13*.

Eenvoudige raad? . . . Hoe weet jy? Doen dit nou!

W. J. de Klerk.

**Kloppers is dood —**

## ***Hy het sonder die Here gesterwe***

Hulle het my gevra om hom te begrawe . . .

Kloppers was 'n groot sterk joviale man met 'n glimlag van onbesorgdheid. Alles het hy verower — sy plaas was 'n lushof, sy vriendekring was gek na hom, en sy beurs was goed gevul. Nierkwaal het die dokter gesê. Hy het nog steeds grappies gemaak oor die skyfskietkompetisie wat nie sonder hom sou klaarkom nie.

Dit het ernstiger geword.

Die beste spesialiste het koppe bymekaar gesit.

Ek het met hom gaan praat oor die Here . . . maar sy bulderende stem het my van die bed weggejaag.

Hulle het my gevra om hom te begrawe ....

Die hemel was baie blou dié dag, maar die grond was swart en koud. Die gat het spits na benede geloop en die wande was klam.

Die familie — ses moderne mense met hangskouers het dom gesnik.

Ek het hom begrawe — Kloppers is dood — vir ewig dood in die hel waar die wurm nie sterwe nie.

Die opsigter van die grafvlakte het gesê dit is al laat . . . Die arbeiders het nader gestaan met die skopgrawe, en die blou lug het hard en ongenaakbaar gelyk terwyl 'n vlieswolkie die son wegsteek.

Toe ons teen die gruisbultjie huistoe stap, was Kloppers se grafhopie al sigbaar in die skemering.

Daar was niks meer te sê nie — Kloppers is dood.

**Dominee.**

# GOD PRAAT!

**Die opskrif is 'n wonder. Ons is so gewoon daaraan dat ons dit moeilik vind om dit nog as wonder te sien. Dink net daaraan . . . die ewige maak Hom verstaanbaar in die tyd . . . die sondelose kom na die sondige! Die wonder lê op u rak. Dit is die Bybel. Het u verleer om daarin te lees? Dan het u ook afgeleer om na die ewige God te luister. U lê nie meer met u oor op God se mond nie. U hoor nie meer wat Hy sê nie, maar dit neem nie weg dat Hy daarin praat nie. U kan sy stem nie doodmaak deur u ore toe te druk nie. God hou nie op met praat as u wegloop nie.**

Dit is nou juis u probleem, geagte vriend, u sê u kan dit net nie aanvaar dat die Bybel God se Woord is nie. U kan God nie hoor in die Bybel nie. U soek nog na die plek waar woorde val wat orde bring in die chaos van u gedagtes. U verlang om by die verhoog te staan waarvandaan koers gegee word in die labirint van idees en bespiegeling wat u elke dag teëkom.

## **Luister!**

Die Bybel is die verhoog van die ewige God waarvandaan Hy met u praat.

Die Bybel is die elektriese draad waarlangs die skokstroom van die Heilige Gees gaan.

Die Bybel is die gloedwarm brandyster waarmee God die lagie vernis van u selfingenomendheid wil wegbrand.

Die Bybel is die panoramiese, doek waarop God die beeld van die Verlosser werp.

God is die Outeur, God praat daardeur. God se Gees werk daardeur.

U kan baie dinge ophaal as teenwerpings. U kan sê: Bewys my dat die Bybel die Woord van God is! Dadelik sal elke gelowige Christen bereid wees om te antwoord dat dit nie "bewys" kan word nie. Hierdie erkenning kan u op 'n selfversekerde, hand-in-die-broeksak houding gaan aanneem. Maar dan sal u ook die wonder van God se stem misloop. U sal u op ander woorde moet verlaat waar u by die diepste vrae oor dood en lewe, waarheid en leuen, God en Skepping ens. kom. Sal u dan nog vra vir bewyse? U sien dat 'n mens nie maar somaar bewyse vir enige saak kan vra en gee nie.

Ons glo dat God deur die Bybel praat.

Ons glo dat die Heilige Gees deur die Bybel in mense werk.

## **Let tog op die volgende feite:**

Honderde male lees ons daarin die vlammende woorde: "So sê die HERE". Net soveel keer lees ons dat die woord mense platslaan.

Oor honderde jare heen strek die Bybel, soveel mense en soorte van mense skryf daarin, en tog is daar 'n eenheid van gedagte. Dit begin soos 'n klein stroompie op die bergtop en loop altyd dieper en breër. Het die mense oor die eeue 'n afspraak met mekaar gehad?

Dawid kla honderde jare vooruit op sy lier die klagtes van Christus in sy vernedering. Amos slaan dieselfde swaar-dreigende dromtone as die Openbaring-boek. Jesaja sing dieselfde lied as Johannes. Musiek met verskillende instrumente, musiek met verskillende toonhoogte, maar altyd

dieselfde tema.

Dat God deur die Bybel praat kan nie "bewys" word nie. Ons probeer alleen aantoon wat mens sien as God jou oë oopmaak. Dan ontdek u miskien ook die Goddelike hand agter die "lappieskombers" van verskillende skrywers en style. Dan sien u miskien ook in die eenheid en harmonie van verhewe gedagtes die taal van die ewige God.

Die Bybel het hoë aansprake. Dit sê van homself dat dit God se boek is. Dit wil roep uit die dood tot die lewe.

Paulus maan Timotheüs dat die Skrifte hom wys maak tot saligheid. Paulus wat self 'n aansienlike deel van die Bybel geskryf het, sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid."

Petrus, Paulus, die skrywer van die Hebreërbrief stem saam:

Die Heilige Gees drywe die heilige mense om van God te spreek Die Woord van die Here bly tot in ewigheid . . . dit is die Woord wat aan hulle verkondig is.

Die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

God praat.

God praat met u

God praat met u in 'n taal wat u kan verstaan.

God stuur die Heilige Gees langs die pad van die Bybel om u te roep.

God sê; "Hier is Ek."

Maar waar is u?

**A. du Plessis.**

# *Daardie Kerklieke Fariseërs*

So, u reken die kerkmense is almal fariseërs?

Vroom gaan sit hulle elke Sondag in die kerk, maar sodra hulle die geleentheid kry, knyp hulle ook maar die kat in die donker.

Ergste van alles is dat hulle altyd dink hulle is beter as ander mense.

Terwyl hulle hul verbeel dat hulle beter is as ander, is hulle lewens ook maar vol slegte dinge.

Maar u sê u maak nie so nie. U hou uself nie uiterlik vroom nie — daarom gaan u nie kerk toe nie — en boonop is u lewe baie skoner as die van baie kerkmense.

Ek verstaan goed wat u bedoel. Maar kyk, is u nie nou self ook 'n fariseër nie? U het gesê dat die kerkmense fariseërs is omdat hulle dink dat hulle beter as die ander mense is, maar u dink weer dat u beter as die kerkmense is. Wie so maak, is self 'n fariseër.

## **'n Slegte maatstaf:**

Kyk, my vriend, as 'n kerkmens dink hy is beter as jy en jy dink weer jy is beter as hy, is julle albei geheel en al op 'n verkeerde pad. Want nie een van hulle is beter as die ander nie — altans nie voor God nie! Voor God is julle albei ewe hopeloos verlore.

Julle groot fout is dat julle julleself met mekaar vergelyk. Julle maak die een van die ander 'n maatstaf om julle lewens aan te toets.

'n Mens toets mos nie met 'n slegte maatstaf nie. Daarom kan u u lewe nie toets aan dié van die kerkmens nie en die kerkmens sy lewe weer nie aan dié van u nie, want uit die oogpunt van God beskou is albei van u slegte maatstawwe, vol sonde en ongeregtigheid, van nature geneig om net die verkeerde dinge te doen.

## **'n Goeie maatstaf:**

U vra nou: waaraan moet ek dan wel my lewe toets? Die antwoord is baie eenvoudig: **moenie u lewe toets aan die van ander mense nie, maar toets dit in alle eerlikheid en opregtheid aan God se Woord.** Elkeen wat dit doen, sal sien dat hy so sleg en vol sonde is dat hy saam met die tollenaar, waarvan Christus ons vertel, moet bid: "O God, wees my, sondaar, genadig!", en saam met Paulus sal sê: "Ek is die ellendigste van alle mense".

## **Die gestalte van Jesus Christus.**

As 'n mens dit eers werklik besef dat hierdie ellendigheid van hom sy ewige verlorenheid beteken, vergelyk hy hom nie meer met ander mense nie, maar dan soek hy iemand om hom van sy ellende te verlos — uit genade. En dan rys die gestalte van Jesus Christus, die Gekruisigde groot en magtig voor hom op.

Hy, die Seun van God, is die enigste Verlosser vir tyd en ewigheid. Hy het ons ellende en sonde op Hom geneem en bitter daaronder gely om almal wat waarlik in Hom glo, ewig en volkome daarvan te verlos. So bring Hy alleen rus in ons siele en vrede in ons gemoed, want by Hom vind ons die genade waarna ons soek.



## **Hierdie Christus word elke Sondag in die kerk verkondig.**

### **Twee soorte kerkgangers.**

Daar mag mense wees wat kerk toe gaan nie omdat hulle graag van Jesus Christus en die verlossing deur Hom wil hoor nie, maar om aan ander mense te probeer wys dat hulle sulke vrome mense is, of om te spog met 'n nuwe rok, of bloot omdat dit mode is om kerk toe te gaan.

Hierdie manier van kerk toe gaan is natuurlik verkeerd. Die mense wat so kerk toe gaan, haal eintlik net die oordeel van God oor hulleself.

Maar daar is ook mense wat kerk toe gaan omdat hulle weet dat hulle so verskriklik sondig is. Hulle brand van verlange om weer te hoor van die verlossing in Christus Jesus en wat hulle uit dankbaarheid teenoor Hom moet doen vir die groot verlossingsweldaad wat Hy aan hulle bewys het. Dit is die regte manier van kerksbesoek.

Onder hierdie groep mense hoort ook u, my vriend.

Daarom moet u van eerskomende Sondag af weer gereeld kerk toe gaan.

P. J. de Bruyn.

# Die verskriklike uur van Versoeking

— deur V. E. d.

"Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie".  
— (Lukas 22 : 31 — 32.)

## BERUSTING

*My hart is nie hoogmoedig, Heer!  
my oog nie trots nie; ek verkeer.  
ek wandel nie in wat te groot  
te diep is vir u gunsgenoot.*

*Voorwaar, my siel is in my stil,  
weer een met God se heilge wil.  
Net soos 'n kind, tevrede by  
sy moeder, is my siel in my.*

*Laat Israel op die Heer vertrou.  
sy hoop op Gods ontferming bou,  
en stil berus in sy beleid  
van nou af tot in ewigheid.*

*Psalm 131*

U ken daardie verskriklike uur in u lewe — versoeking! U sak weg in angswekkende afgronde. Alles tuimel. U sien die sondevlamme van vertering. U voel die gloed van die hel teen u aanwaai. So het Simon Petrus gevoel nadat hy sy Meester verloën het. Die misstap van een oomblik, bring ure, dae, selfs jare van wroeging en pyn. Ek dink ek spreek 'n duidelike waarheid as ek sê dat daar nie een van ons is wat by die herinnering in die verlede, nie kan terugdink aan ten minste een baie ernstige versoeking waarin ons geval het nie. Dink goed daaroor na. Dit laat 'n mens bloos van skaamte.

## Ure van beslissing.

Versoekings! Dit is die krisispunte in ons lewe. Dit is ure van beslissing. Dan word die werklike karakter en rigting van ons lewe openbaar. Tussen hierdie ure van versoeking gaan die lewe rustig sy gang en daar is miskien selfs 'n opwaartse neiging in ons geloof. Maar meteens kom daar 'n spanning. Daar kom 'n radikale

ingryping van buite. In een oomblik word ons lewe 'n maalstroom sonder koers en ons loop as't ware in die seekatgrepe van Satan vas. Ons het in die versoeking geval. O, wat 'n verskriklike uur!

## Vurig begeer.

En nou kom God se Woord aan ons vertel wat 'n versoeking is. Ja, Jesus, Hy wat Self so versoek was deur Satan. Hy wil aan Simon Petrus en aan ons iets wonderliks leer:

"Simon, Simon ..." (Vul maar u naam tweekeer in die plek van Simon s'n in!) Wat 'n innige tere aanspreking van die sondaarmens. Let wel, Jesus gebruik nie die naam "Petrus" wat getuig van 'n rotsman nie. Nie die dissipel se belydenis-naam nie, maar die ou naam "Simon". Ja, jy, Simon, die swakke, nietige mens . . . "kyk, die Satan het vurig begeer . . . "

En nou gaan hy julle in sy sifbak gooi en met gretige hande wil hy julle gryp as julle deurval . . . dan is dit klaar!

## Stormtroepe van die Duisternis:

Dit is nou **versoeking** . . . die sifbak van Satan. Maar nou is daar nog iets: **God laat dit soms toe dat Satan ons in sy sifbak gooi.** Dit is dan wanneer die verskriklike uur volg. Daar vind 'n stryd plaas. Ons tydelike lewe word dan 'n slagveld van ewige kragte. Die on sienlike wêreld word geweldig aktief in hierdie klein onbeduidende lewe van my. Ek kom in die greep van duiwelse magte wat my na helse dieptes wil sleep. **Ja, dit is dan, wanneer die hel aktief word in my**

**lewe!** Elke versoeking, is wanneer die stormtroepe van die Duisternis op my aanstorm.

**Ons troos.**

Maar die kind van God het 'n troos: **Die Hemel is ook aktief in die uur van Versoeking!**

"Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie . . . !" **Satan sif . . . maar Jesus Bid ! !**

Sien u die versoekings waarin u val so? Dit het nie alleen 'n kant van die hel nie, maar is ook 'n hemelkant. Jesus **bid** vir ons **geloof**. Al sou u Hom totaal vergeet in daardie verskriklike uur. Hy vergeet u nie. U behoort aan Hom, nie aan Satan nie.

**Word wakker!**

Maar u moet wakker word uit u valse gerustheid. Maak u ook soos ek en baie ander so dikwels, asof 'n versoeking 'n grap is? Speel u soms daarmee? Beskou u die versoekings in u lewe maar as verbygaande ligsinnige oomblikke . . . terwyl dit 'n ernstige geveg tussen hemel en hel is? Kom dan! Moenie dink u is self sterk genoeg om Satan te weerstaan nie. Nee, u is nie. Al is u lewe tot sover tog so wonderlik, pasop! Daar is rooiligte op u pad. Geen sonde is vir u te groot om te doen nie en miskien is u alreeds daarmee besig. Gaan dan dadelik na Jesus. Vertel aan Hom die volle waarheid, hoe u nog elke keer in die versoeking geval en verloor het. Vertel aan Hom alles . . . en in daardie selfde oomblik sal Hy u ophef uit u sondetoestand en u was en reining. Hy sal al u oortredings vergewe en u sondes tot niet maak asof dit nooit daar was nie. **Glo u dit?** Wel u kan alleen glo, omdat Jesus vir u bid!

### ***Aan 'n Helder Trans***

*Vertrou op God: die hart en hand  
in troue diens aan Hom verpand.  
Verlustig jou in Hom altyd  
wat mildelik gee en nooit verwyd.*

*Laat ydle sorg jou nimmer kwel,  
wil aan die Heer jou sorg vertel:  
Hy sal jou reg soos middagglans  
laat skitter aan 'n helder trans.*

*Let op die vrome wat opreg  
met God verkeer in woord en weg;  
merk op die man wat God hier vrees:  
sy lewenseind sal vrede wees.*

*Psalm 37:2, 3, 23.*

## *IS U M OEG?*

Oortyd werk.

Nagdiens.

Geldelike sorge.

Bekommernis oor die toekoms.

'n Gesukkel met die bediendes (of sonder hulle).

Spanninge tuis of by die werk tot 'n mens die breekpunt bereik.

Internasionale krisis.

Ons eie swaarbedreigde posisie.

Die tempo van die lewe.

Slaaploosheid.

So sou ons die lysie kan uitbou tot 'n yslike verhaal van menslike ooreising.

Mense wat met hangskouers onder die neonligte deurstrompel en nie meer die sterre sien flikker nie.

By die parke verby dwaal en nie opmerk dat die vrede van die herfs oor die bome hang nie.

In die busse met stom oë oor die vaal stadstriestigheid sit en kyk sonder om te registreer wat hulle sien.

Omdat hulle moeg is.

Dodelik moeg.

Selfs op die stil platteland het die rus gewyk.

Die veraf boereplase het skoutonele geword van die rustelose gejaagdheid. Die rus is elders.

Waar?

By God.

By Jesus Christus.

In die sagte lig van jou leeslamp wat sy skynsel oor jou Bybel gooi.

In die binnekamer waar jy kniel om te bid.

In die kerkgebou.

Daar is rus.

Daar daal die vrede seënend uit die hemel oor jou neer.

By God is rus.

Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie.

Die jonges word moeg en mat, en die jong manne struikel selfs.

Maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag.

Hulle vaar op met vleuels soos die arende.

Hulle hardloop en word nie moeg nie.

Hulle wandel en word nie mat nie — (Jes. 40:29-31).

By Jesus Christus is rus.

Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

Neem my juk op julle, en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag, en my las is lig — (Matth. 11:29-30).

**P.W.B.**